MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

28 September 2021

OB 27-2021: Algemene Ouerbrief

Beste Ouers

Die kwartaal is byna aan sy einde. Ons leerders en personeel sien uit na 'n blaaskans - die afgelope twee weke was veral druk vir die leerders, met heelwat assesseringstake wat afgehandel moes word.

Skoolsluiting: Die skool sluit op 1 Oktober om 10h30. Rapporte word gedurende die laaste 10 minute van die dag in die klasse uitgedeel. Rapporte van leerders wat afwesig is, kan afgehaal word tussen 10h30 – 10h45 by ontvangs in die voorportaal. Indien u kind afwesig is en u nie self die rapport om 10h30 kan afhaal nie, moet u asb. 'n brief stuur, met die naam en kontakbesonderhede van uself, asook dié van die persoon wat die rapport namens u kom afhaal.

Heropening: Die skool heropen op 11 Oktober om 08h00. Vanaf die middag van 11 Oktober, word somertye gevolg. Die skool begin dus om 07h15 en die hekke maak om 06h55 oop. Maak asb. seker in u kind se huiswerkboek wat hierdie tye is.

Somersdrag word gedra vanaf 11 Oktober. Maak asb. ook seker in die huiswerkboek van die somersdrag. Indien dit in die oggende koel is, mag die leerders 'n baadjie of trui aantrek. Maak asb. seker dat alle baadjies en truie **gemerk** is. Dit is dié tyd van die jaar wat baie van hierdie kledingstukke by die skool agterbly. Indien dit nie gemerk is nie, kan ons dit nie aan die leerders terugbesorg nie.

WKOD Sistemiese Toetse: Die gr. 3- en 6-leerders skryf die jaarlikse WKOD Sistemiese Toetse in Afrikaans en Wiskunde op 14 Oktober 2021. Dit is belangrik dat al hierdie leerders by die skool moet wees. Geeneen van hierdie leerders sal deur die dag verskoon word nie, aangesien hierdie verpligte toetse is wat afgelê moet word. Daar is nie vooraf leerwerk daaraan verbonde nie; voorbereiding word deurlopend in die klasse gedoen.

Somersport begin weer op 12 Oktober. Die volgende word gedoen: tennis (seuns en dogters o/7 – o/13), mini-krieket (seuns en dogters o/7 - /o/9), krieket (seuns o/10 – o/13), dogterskrieket (o/10 – o/13). Ons beplan om ook na 3 weke met atletiek te begin. Oefeninge vind op Dinsdae en Donderdae gedurende sportperiode plaas, soos in die huiswerkboek aangedui. Besonderhede sal aan u deurgegee word.

U ontvang eerskomende Vrydag saam met die rapport **verskeie belangrike briewe** en kennisgewings, wat u asseblief moet lees.

Sterkte vir die res van die week.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080